Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

# BYLAAG 1: BEGELEIDENDE BRIEF

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**
**FAKULTEIT TEOLOGIE (NG KERK)**
**DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE**

Geagte Kollega,

**DIE KERKLIKE JAAR IN DIE PREDIKING : PRAKTYK - ONDERSOEK**

Die kerklike jaar is die afgelope tyd op die voorgrond. Verskeie gemeentes en predikante begin opnuut of vir die eerste maal belangstelling toon in leesroosters wat daarmee verband hou vir die bepaling van preektekste en andersins. Ook op sinodale- en ringsvlak word belangstelling getoon.


Een van my doktorale studente, ds. Gerhard Bothma, is tans besig om die praktyk rondom die kerklike jaar in die prediking te ondersoek. U is op 'n ewekansige wyse aangewys as een van die predikante wat in die ondersoek geraadpleeg moet word. U eerlike antwoorde op die volgende stel vrae sal ons in staat stel om hierdie faset van die kerk se bediening beter te verstaan en uit te bou. Dit sal die Departement Praktiese Teologie ook help om beter leiding, begeleiding en opleiding in hierdie verband te verskaf. Ons wil ook graag u mening en ervaring in ag neem wanneer prinsipieel oor hierdie belangrike saak besin word.

U kan verseker wees dat al u antwoorde absoluut vertroulik bly en slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sal word. Alhoewel ons weet aan wie die vraelyste uitgestuur word, is daar geen identifiserende gegewens betrokke nie en bly u ook sodoende anoniem.

Vul asseblief die vraelys so eerlik moontlik in. Dui asseblief elke keer u antwoord aan deur die toepaslike syfer te omkring of deur u antwoord in die ruimte wat daarvoor verskaf is in te vul. Wanneer u 'n antwoord moet inskryf, formuleer asseblief so kernagtig moontlik. **Omkring elke** keer slegs een opsie en **beantwoord asseblief al die vrae.**

Aangesien 'n sperdatum aan die ondersoek gekoppel is, sal ons dit waardeer indien u die vraelys so spoedig moontlik sal voltooi en dadelik aan die navorser sal terugstuur. 'n Gefrankeerde koevert word vir hierdie doel ingesluit.

Ek vertrou dat u sal saamwerk en die vraelys so gou moontlik sal invul en terugstuur.
Baie dankie vir u samewerking.



Indien u enige navrae het, kan u in verbinding tree met **Ds Gerhard Bothma** by **(015) 296-0233 / gerliese@mweb.co.za**

**Prof. Cas J. A. Vos**
**Dekaan**
6 Mei 2003

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

# BYLAAG 2: VRAELYS

VIR KANTOOR GEBRUIK
**Waarnemingsnommer**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hierdie vraelys is deel van **'n ondersoek na die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk**. Die doel hiermee is om vas te stel hoe die kerklike jaar in die praktyk funksioneer. U is op ewekansige wyse aangewys as een van die predikante wat in die ondersoek geraadpleeg moet word. Dit sal opreg waardeer word indien u die vraelys so spoedig moontlik sal voltooi en in die ingeslote koevert sal terugpos. | | | | | | | | V1 |
| Dui asseblief elke keer u antwoord aan deur die toepaslike syfer te omkring of deur u antwoord in die ruimte wat daarvoor verskaf is in te vul. Omkring elke keer slegs een opsie en beantwoord asseblief al die vrae.<br>**BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING.** | | | | | | | | |
| Afgerond tot die naaste jaar | | | | | | | | |
| Wat is u ouderdom? | | | Jaar | | | | | V2 |
| Aantal jare in die gemeentlike bediening: | | | Jaar | | | | | V3 |
| Aantal jare in huidige gemeente: | | | Jaar | | | | | V4 |
| 1. In watter Sinodale gebied is u werksaam? | | | | | | | | V5 |
| Suid-en Wes Kaapland | 1 | Oos-Kaapland | 2 | Noord-Kaapland | 3 | | | |
| Natal | 4 | Oranje-Vrystaat | 5 | Wes-Transvaal | 6 | | | |
| Noord-Transvaal | 7 | Suid-Transvaal | 8 | Oos-Transvaal | 9 | | | |
| 2. Wat is die aard van u gemeente? | | | | | | | | V6 |
| Klein plattelandse gemeente ('n Gemeente wat op 'n heel klein dorpie / gemeenskap geleë is waar daar net een leraar van die NG Kerk is) | 1 | | | | | | | |
| Plattelandse gemeente (Geleë in 'n dorp wat so groot is dat daar twee tot vier NG-leraars werksaam is, ongeag die aantal gemeentes) | 2 | | | | | | | |
| Grootdorp gemeente (Geleë in 'n dorp met meer as vier NG-leraars, ongeag die aantal gemeentes) | 3 | | | | | | | |
| Woonstel/buitegewone gemeente (Dit sluit in o.a. enkel industrie, militêre, woonstel-, middestad-, studente gemeentes en gemeentes vir anderstaliges in) | 4 | | | | | | | |
| Voorstedelike gemeente (Hierdie gemeentes is in die voorstede geleë, wat woonhuise, meenthuise, woonstelle en ook kleinhoewes kan insluit) | 5 | | | | | | | |
| 3. Hoeveel lidmate (Belydend en Doop) het u gemeente naastenby? | | | | | | | | V7 |
| 4. By watter een van die volgende Universiteite het u u BD/BTh-vlak studie voltooi? | | | | | | | | V8 |
| Stellenbosch | 1 | | Pretoria | 2 | | Bloemfontein | 3 | |
| 5. Het u enige verdere formele opleiding ontvang t.o.v. die prediking (bv. 'n BUVTON-, SEVTO- of VISTA-kursus) ? | | | | | | | | V9 |
| | | | | JA | 1 | NEE | 2 | |
| 6. Het u al enige omvangryke publikasies t.o.v. die kerklike jaar gelees (nie bloot populêre publikasies of bv. briefwisseling in Die Kerkbode ens. nie) ? | | | | | | | | V10 |
| | | | | JA | 1 | NEE | 2 | |
| 7. Dui asseblief aan hoe gereeld, indien wel, u die volgende leesroosters gedurende 2002/2003 gebruik het vir die bepaling van u tekskeuse vir die prediking. | | | | | | | | |
| (a) Revised Common Lectionary (soos aangebied deur BUVTON se Leesroosterprojek) | | | | | | | | V11 |
| | | Gereeld | 1 | Soms | 2 | Nooit | 3 | |
| (b) Die Woordwyser (van Oos-Transvaal Sinode) | | | | | | | | V12 |
| | | Gereeld | 1 | Soms | 2 | Nooit | 3 | |
| (c) Enige ander leesrooster(s) | | | | | | | | V13 |
| | | Gereeld | 1 | Soms | 2 | Nooit | 3 | |
| (d) Indien u gedurende 2002/2003 enige ander leesrooster(s) as die Revised Common Lectionary en/of Die Woordwyser gebruik, dui | | | | | | | | V14 |
| 8. Dui asseblief by elk van die volgende vrae die opsie aan wat op u van toepassing is en/of u mening die beste beskryf. | | | | | | | | |
| | | | | | | **JA** | **NEE** | |
| Neem u die kerklike jaar bewustelik in ag in u prediking? | | | | | | 1 | 2 | V15 |
| Sou u sê dat u houding jeens die kerklike jaar positief is? | | | | | | 1 | 2 | V16 |
| Beplan u naas die eredienste enige gemeentelike aktiwiteite enige gemeentelike aktiwiteit n.a.v. die kerklike jaar? | | | | | | 1 | 2 | V17 |
| Sou u sê dat u oor goeie kennis aangaande die kerklike jaar beskik? | | | | | | 1 | 2 | V18 |
| Meen u dat die doelbewuste inagneming van die kerklike jaar waarde kan inhou vir die prediking? | | | | | | 1 | 2 | V19 |
| Meen u dat die doelbewuste inagneming van die kerklike jaar waarde kan inhou vir die gemeentelike lewe en arbeid (naas die prediking)? | | | | | | 1 | 2 | V20 |
| Sou u bereid wees om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking aandag te gee aan die kerklike jaar indien u behoorlike riglyne hiervoor sou ontvang? | | | | | | 1 | 2 | V21 |
| Laat u die ander liturgiese momente in die erediens aansluit by u tekskeuse en prediking? | | | | | | 1 | 2 | V22 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9. Dui asseblief aan of u gedurende 2003/2003 u tekskeuse en prediking laat beïnvloed het deur die volgende geleenthede (op die Sondag waarop dit geval het of op die Sondag wat voor of na die geleentheid geval het): | | | |
| **Geleentheid** | **JA** | **NEE** | |
| Jesus se besnydenis (1 Januarie) | 1 | 2 | V23 |
| Nuwejaarsdag (1 Januarie) | 1 | 2 | V24 |
| Epifanie (6 Januarie) | 1 | 2 | V25 |
| Jesus se doop (Die Sondag na Epifanie) | 1 | 2 | V26 |
| Jesus se presentasie in die Tempel / Ontmoeting met Simeon (2 Februarie) | 1 | 2 | V27 |
| Die Reiniging van Maria (2 Februarie) | 1 | 2 | V28 |
| Biddag vir Opvoeding en Onderwys (Eerste Sondag in Februarie) | 1 | 2 | V29 |
| Wêreldbiddag (Eerste Sondag in Maart) | 1 | 2 | V30 |
| Menseregtedag (21 Maart) | 1 | 2 | V31 |
| Die aankondiging aan Maria (25 Maart) | 1 | 2 | V32 |
| Al die of enige van die Sondae in Lydenstyd (Uitgesluit die laaste een, nl. Verheerlikingsondag) | 1 | 2 | V33 |
| Verheerlikingsondag (Die Sondag voor Aswoensdag) | 1 | 2 | V34 |
| Paasfees / Opstandingsondag (Datum wissel) | 1 | 2 | V35 |
| Al die of enige van die Sondae in Paastyd | 1 | 2 | V36 |
| Pinkstersondag | 1 | 2 | V37 |
| Drie-eenheidsondag (Sondag Trinitatis) | 1 | 2 | V38 |
| Dag van Danksegging en Verootmoediging (Sondag naaste aan 6 April) | 1 | 2 | V39 |
| Vryheidsdag (27 April) | 1 | 2 | V40 |
| Werkersdag (1 Mei) | 1 | 2 | V41 |
| Arbeidsondag (Sondag naaste aan 1 Mei) | 1 | 2 | V42 |
| Die Visitasie by Elisabet (31 Mei) | 1 | 2 | V43 |
| Omgewingsondag (Eerste Sondag in Junie) | 1 | 2 | V44 |
| Jeugdag (16 Junie) | 1 | 2 | V45 |
| Die Geboortedag van Johannes die Doper (24 Junie) | 1 | 2 | V46 |
| Nasionale Vrouedag (9 Augustus) | 1 | 2 | V47 |
| Die Sterfdag van Johannes die Doper (29 Augustus) | 1 | 2 | V48 |
| Erfenisdag (24 September) | 1 | 2 | V49 |
| Biddag vir Jode (Eerste Sondag in Oktober) | 1 | 2 | V50 |
| Biddag vir Gesondheidsdienste (Tweede Sondag in Oktober) | 1 | 2 | V51 |
| Hervormingsondag (Laaste Sondag in Oktober) | 1 | 2 | V52 |
| Christus die Koning - Sondag (Laaste Sondag voor Advent) | 1 | 2 | V53 |
| Al of enige van die Sondae in Advent | 1 | 2 | V54 |
| Biddag vir Beskermingsdienste (Derde Sondag in November) | 1 | 2 | V55 |
| Versoeningsdag / Geloftedag (16 Desember) | 1 | 2 | V56 |
| Kersfees (25 Desember) | 1 | 2 | V57 |
| Welwillendheidsdag (26 Desember) | 1 | 2 | V58 |
| Ou-/Nuwejaarsdiens (31 Desember) | 1 | 2 | V59 |
| Moedersdag (Datum wissel) | 1 | 2 | V60 |
| Vadersdag (Datum wissel) | 1 | 2 | V61 |
| Sinodale Dank- en Biddag (Verskil van sinode tot sinode) | 1 | 2 | V62 |
| 10. Die volgende geleenthede vind nie op 'n Sondag plaas nie, maar gedurende die week voor of na 'n prominente inskrywing in die kerklike jaar. Dui asseblief aan of u gedurende 2002/2003 'n by-komende geleentheid (bv. 'n erediens of 'n gewone gemeentelike byeenkoms) gereël het om die geleentheid te vier. | | | |
| **Geleentheid** | **JA** | **NEE** | |
| Aswoensdag | 1 | 2 | V63 |
| Donderdag in Lydensweek | 1 | 2 | V64 |
| Goeie Vrydag | 1 | 2 | V65 |
| Gesinsdag (Maandag na Paasfees) | 1 | 2 | V66 |
| Hemelvaart | 1 | 2 | V67 |
| 'n Pinksterbyeenkoms of Pinksterbyeenkomste | 1 | 2 | V68 |
| 11. Dui asseblief aan of u gedurende 2002/2003 u tekskeuse en prediking laat beïnvloed het deur die volgende geleenthede: | | | |
| **Geleentheid** | **JA** | **NEE** | |
| Doop | | | V69 |
| Nagmaal | | | V70 |
| Belydenisaflegging | | | V71 |
| Bevestiging van Kerksraadslede / Leiers | | | V72 |
| U gemeente se verjaarsdag | | | V73 |
| 12. Indien een van die geleenthede in 9 en 10 hierbo genoem en een van die volgende geleenthede saamgeval het op 'n be-paalde Sondag gedurende 2002/2003, het u die onderge-noemde geleentheid voorkeur laat geniet (bo die geleenthede in 9 en 10 hierbo genoem) in u tekskeuse en prediking? | | | |
| **Geleentheid** | **JA** | **NEE** | |
| Doop | | | V74 |
| Nagmaal | | | V75 |
| Belydenisaflegging | | | V76 |
| Bevestiging van Kerksraadslede / Leiers | | | V77 |
| U gemeente se verjaarsdag | | | V78 |

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 13. Dui asseblief by elk van die volgende vrae aan wat die praktyk van u gemeente gedurende 2002/2003 die beste beskryf. | | | | | | | | | |
| Bedien u die doop gewoonlik op die eerste Sondag van die maand? | | | | | | | | | V79 |
| Verskaf u gewoonlik 'n kalender waarop u gemeente se jaarprogram aangedui word aan u lidmate? | | | | | | | | | V80 |
| Skaal u gemeente se aktiwiteite af gedurende die skoolvakansies? | | | | | | | | | V81 |
| 14. Dui asseblief aan wie gedurende 2002/2003 die tekskeuses vir u prediking bepaal het. | | | | | | | | | V82 |
| Uself | | Gereeld | 1 | Soms | 2 | Nooit | 3 | | |
| Uself, in oorleg met 'n groep in die gemeente | | Gereeld | 1 | Soms | 2 | Nooit | 3 | | |
| Uself, in oorleg met ('n) kollega(s) / predikante | | Gereeld | 1 | Soms | 2 | Nooit | 3 | | |
| Na aanleiding van 'n leesrooster | | Gereeld | 1 | Soms | 2 | Nooit | 3 | | |

**Weereens baie dankie vir u samewerking !!**

**Nota 1:**

Met "omvangryke publikasies" word hier bedoel bv. Barnard, A.C. 1989:Die kerklike jaar in *diens van die prediking en liturgie*; Bieritz, K-H. 1988: *Das Kirchen Jahr. Feste, Gedenk- und Feiertage in Geschichte und Gegenwart*; Craddock, F.B. e.a. 1992: *Preaching through the Christian Year*. 3 Volumes; en Dozeman, T. e.a. 1992-*Preaching the Revised Common Lectionary*. A 12 volume series of commentaries based on the lectionary.